Ds. PJ Kriel 11.02.2024

Inhoud Hierdie preek wys hoe ons die volle heerlikheid van God ken deur in sy volle liefde met Hom te leef maar nie God in onsself te kan beleef asof ons een met Hom is in wie Hy as God is nie. Ons leef met God. Ons kyk nie na ‘n fliek oor God om Hom te beleef nie.

Skriflesing Exodus 33: 12 – 32; Johannes 14: 1 – 11; Joh. 1: 14 – 18/

Teks Joh.1: 14”En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon, en ons het sy heerlikheid aanskou, ‘n heerlikheid soos die unieke Seun van die Vader, vol genade en waarheid.

Tema Ons ken en leef in die heerlikheid van God se liefde.

1. In hierdie skrifgedeeltes word die verskil om die Here se heerlikheid te aanskou en God se gesig te sien openbaar: ons ken en leef in die heerlikheid van God se liefde. Ons ervaar Hom nie elkeen op ons eie manier nie.

Ons sien die heerlikheid van God in hoe Hy met ons is en ons in sy liefde laat leef. Ons wil nie sy heerlikheid só sien dat ons sy heerlikheid as ons eie heerlikheid wil beleef nie.

Dit is presies wat Moses met God en toe Filippus met die Here Jesus wou beleef het: hulle wou die heerlikheid van hoe God in Homself God is sien en beleef. Hierdie twee insidente is nie sommer net lukraak aan mekaar verbind nie. Die woorde van God in Ex.33: 20 “Jy kan nie my gesig sien nie” en” ”Maar my gesig mag jy nie sien nie.” in vers 23 is direk verbind aan Joh. 1:18 “Niemand het God nog ooit gesien nie.” En ook 1 Joh. 4: 12 “Niemand het God ooit aanskou nie.”

Die kontras in Ex.33 verse 18 en 19 om God se goedheid (majesteit) en nie sy gesig te sien nie, is die kontras wat die apostel Johannes stel in die openbaring van Jesus Christus as God – ons is deel van die heerlikheid van God se genade en liefde in Christus, maar kan God nie sien nie. (Joh. 1: 16 - 18) Hierdie kontras wys in beide Moses se versoek aan God en Filippus se versoek aan die Here Jesus.

Moses is moeg gesukkel met die volk en sy roeping van God deur God. So moeg dat hy homself magteloos voel. In hierdie magteloosheid wil hy deur God gesterk word en rig twee versoeke: eerste – “Maak my U paaie bekend” en tweedens – “Toon U heerlikheid tog aan my.”

Moses wil krag kry deur God se voorsienige besluite te ken en om wie God in Homself is, self te wil beleef. Hy wil homself in en deur wie God is, bemagtig.

2. In Moses se eerste versoek vra hy dat God sy raadsplan aan hom bekend sal maak: wys my wat U gaan doen, hoe gaan U ons die beloofde land inlei.? In vandag se geestelike taal klink Moses se versoek só: “God, wys my jou visie en missie met jou volk, want ek moet hulle lei.”

Die besondere van God se antwoord is dat Hy Moses se versoek antwoord met totaal iets anders as wat Moses gevra het: “Ek sal met julle gaan.” Ons moet hierdie

kontras raaksien! Moses soek God se planne, sy visie en missie maar God antwoord dat Hy as God met hulle is en saam met hulle gaan. Die Here maak sy sorgsame en liefdevolle teenwoordigheid bekend, nie sy "paaie" nie.

Moses se tweede versoek word deur God op dieselfde wyse geantwoord. Moses vra om God se heerlikheid te sien. God wys Moses se bedoeling uit deur die teregwysing: Jy kan en mag nooit my gesig sien nie. Moses wil God se gesig sien, die heerlikheid van hoe God in Homself God is. Weereens laat God Moses iets totaal ander sien as wat hy voor vra: "Ek sal my goedheid reg voor jou laat verbygaan, en Ek self sal die Naam 'Here' uitroep. Ek is genadig oor wie Ek genadig wil wees, en Ek ontferm My oor wie Ek My wil ontferm." (Ex.33: 19)

God openbaar die volle heerlikheid van sy goedheid as God vir Moses. God openbaar self die heerlikheid van sy Naam "Jahweh", die Here wie is wie Hy is in sy verbond met Israel en God openbaar die volle heerlikheid van sy uitverkiesende liefde aan Moses, maar Moses mag nie God se gesig sien nie.

Wat is die verskil tussen die heerlikheid van God sien en om God se gesig te sien?

"Gesig sien" is die drif in die mens om God te aanskou soos Hy God in Homself is in die diepste innerlike van sy selfwees. In vandag se geestelike taal wil Moses God self beleef. Mense wil wie God in Homself is, in hulle self beleef. Hulle wil hulself inleef in God se selfvertoning sodat hulle wie God is in hulle self kan beleef. Hulle wil sy mag, krag, wil, gesag en persoon as hul eie beleef. So moet God homself wys sodat hulle God so kan beleef. God moet sy planne wys sodat Moses deel van God se planne kan wees en sy gesig wys sodat Moses deel van God se heerlikheid as God kan wees.

God ignoreer hierdie versoeke met die ondernemings dat Moses kan weet Hy is God met hulle en gaan met hulle, en Moses sal die volle heerlikheid van God se liefde sien.

3. Die verskil tussen wat Moses vra en wat God gee, is soos die verskil om fliek te kyk en die lewe te leef. Soos byvoorbeeld met die liefde tussen man en vrou! Die liefde van 'n man en vrou in 'n fliek is 'n romantiese vertoning van liefde waarin mense hulle self kan inleef en die uitbeelding van liefde wat hulle sien as hulle eie liefdes kan beleef. Regte liefde tussen 'n man en vrou is nie 'n fliek nie maar 'n man en vrou wat saam met mekaar is en saam met mekaar leef.

Fliek kyk en belewe, en saamwees en saam lewe, is totaal verskillend van mekaar! Een is sommer net 'n onwerklike drama en die ander is regtig die regte lewe.

Moses vra God om van Homself 'n fliek te wys vir Moses – om sy planne en gesig te wys. Volgens ons voorbeeld: dit is soos 'n vrou wat haar man vra om vir haar die man te wees en te wys wat sy in die fliek gesien het sodat sy haarself in haar man kan inleef en hom kan beleef. Vertoon jouself aan my in 'n drama!

God antwoord Moses dan so: "Ek is nie die God wat jy gedramatiseerd wil sien om jouself in my in te leef en te beleef nie. Ek is wie Ek is (Ex. 3: 13 -15) Ek is God met jou en jy sal die volle heerlikheid van my uitverkiesende liefde sien."

Moses se versoek is net ‘n ander vorm van die afgodsdiens wat die volk met die goue kalf bedryf het. Met hulle goue kalf het presies geweet wat is die kalf se planne en het hulle God se gesig gesien.

God se antwoord op Moses se versoek om sy gesig te sien was en is en bly ‘n besliste “nee”. Om God van agter, of sy nagloed te sien is nie om ‘n bietjie van God se gesig te sien nie. Dit is om glad nie God se gesig te sien nie.

4. Wat tussen Moses en God gebeur herhaal weer in die gesprek van die Here Jesus met Filippus in Johannes 14: Christus openbaar die volle heerlikheid van God se liefde, maar Filippus wil die Vader se gesig sien: “Here, wys vir ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.”

Hiermee verwoord Filippus die diepste dwaling oor Jesus Christus  in die kerk vandag. Dit klink só: Jesus is vir ons God se gesig. In die Ou Testament leer ons God ken as die veraf God. Maar Jesus word mens om vir ons God se gesig te wys. Jesus word mens om God vir ons persoonlik beleefbaar te maak. Jesus is vir ons die fliek oor God!

Christus verwerp Filippus se versoek om die Vader se gesig te sien en bevestig wie Hy as Here is. Hy is die Here en God wat die volle goedheid van god openbaar. In alles wie Christus is en wat Hy doen openbaar Hy die volle heerlikheid van God se genade en liefde – genade op genade! (Joh. 1: 14 – 18)

Die werke waarin Christus se heerlikheid wys is sy lyding, kruisiging, dood en opstanding. Dit kondig die Here self so aan in Joh. 17: 1: “ Vader die uur het aangebreek. Verheerlik u Seun, sodat U Seun U kan verheerlik.”  Elke werk van Christus wys hierdie heerlikheid van die Vader en die Seun. In Christus se lyding vir ons sonde, sien ons die heerlikheid van die Vader wat ons nie veroordeel nie. (Joh. 3:16)   In sy kruisiging sien ons die heerlikheid van die Vader wat ons nooit vervloek nie maar altyd seën. In sy dood sien ons die heerlikheid van die Vader wat ons nooit straf nie maar altyd met die werke van die Here beloon. In sy opstanding sien ons die heerlikheid van die Vader in wie se onskeidbare liefde ons ingesluit is: “ En ek het die heerlikheid wat U My aan gegee het, aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos ons Een is. net soos U, Vader, in My is en Ek in U, ...” (Joh. 17: 22, 23)

Christus is ook die Naam van God self uitroep soos Hy dit aan Moses geopenbaar het: “En Ek het U Naam aan hulle bekend gemaak en Ek sal dit verder bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle.” (Joh.17: 26)

5. Christus wys nie die Vader se gesig vir ons nie. Hy skenk aan ons die ewige lewe “verheerlik U Seun ... sodat Hy aan elkeen wat U Hom gegee het die ewige lewe kan gee. En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God en Hom wat U gestuur het – Jesus Christus. (Joh. 17: 2, 3) In Christus is die Vader in die volle heerlikheid van sy genade en liefde met ons en leef ons so saam met god.

Die ewige lewe is dat ons in Christus die volle heerlikheid van God se genade en liefde sien en daarin met God leef. In Christus is daar niks oor God se heerlikheid in sy genade en liefde onbekend nie.

Christus openbaar die heerlikheid van God se liefde, maar mense soek 'n fliek oor God! Hulle wil God soos Hy God in Homself is sien sodat hulle hulself in God se goddelikheid kan inleef en as hulle eie binne in hulle beleef. Hulle wil nie in die heerlikheid van God se liefde saam met God leef nie maar wil hê dat God in hulle lewe inkom en hulle God in hulle beleef.

So is die geestelikes van vandag die draaiboekskrywers van flieks van Jesus waarin jy jouself in God kan inleef en God in jou kan beleef. Die Algemene Sinode het so fliek van Jesus vir sy vergadering in Oktober 2023 opgestel – die fliek gaan oor die grotbelewenis van God. Hulle Jesus fliek het so gelyk: Moses wou die volle gesig van God sien, maar God het hom net die agterkant van sy kop laat sien. Die tema van hierdie fliek is dan – elkeen kan net 'n klein deeltjie van God se gesig sien en daarom het niemand die volle belewenis van God nie. Elkeen beleef God op sy eie manier omdat God eintlik altyd die onbekende god bly. Daarom moet ons alle flieks oor Jesus aanvaar en jy kan na die flieks oor Jesus waarvan jy hou gaan kyk sonder om ander se Jesus-flieks af te maak. Elkeen kyk in sy eie grot na sy eie fliek oor Jesus! God is elkeen se eie grotbelewenis.

Wat doen al hierdie geestelikes se Jesus-flieks wat hulle elke Sondag as die week se nuwe fliek dramatiseer met die openbaring van God in Jesus Christus? Dit ontken die volle geopenbaarde heerlikheid van God se liefde in Christus en dit ontken die volle heerlikheid van die liefde volgens God se wet, binne sy liefde vir ons. So verwring dit ons saamwees en saamleef in die heerlikheid van God se liefde na die onwerklikheid van belewenisse van God. 'n Belewenis wat ons elkeen in ons eie grot ervaar en so vervreemd van ons saamwees en saamleef met God in sy skepping.

Ons beleef nie God bietjie vir bietjie, stukkie vir stukkie in die geestelikes se spirituele grotte nie. Ons leef die ewige lewe saam met God in sy skepping in die Lig – in Jesus Christus, die volle geopenbaarde heerlikheid van God se liefde vir ons en ons liefde vir God volgens sy wet.